

**DIE BESTUUR VAN DIE PRODUKTIWITEIT VEILIGHEID DILEMMA BY  
'N GOUDMYN**

J.J van Wyngaard

**Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad  
Magister Besigheidsadministrasie aan die Potchefstroomkampus van die  
Noordwes-Universiteit**

**Studieleier: Prof. L.D. Coetsee**

**Maart 2008**

## **DANKBETUIGINGS**

Hiermee betuig ek my opregte dank aan die volgende persone sonder wie se bystand en ondersteuning ek nie in staat sou gewees het om my studie suksesvol af te handel nie:

- **Eerstens aan my God en Vader, vir die voorreg wat ek deur Sy Seun ontvang het om hierdie taak te kon voltooi, en terselfde tyd geestelik, sowel as verstandelik, te kon groei;**
- **my vrou, Joanne, vir al die bystand, ondersteuning, liefde en laat aande, en somer vir “Penny en Chloe” ook, wat op hul beurt my vrou ondersteun het;**
- **Professor Leon Coetsee, my studieleier, wat my ná sy aftrede en vol program altyd bygestaan en aangemoedig het.**
- **My opregte dank aan Mev. Cecilia van der Walt vir die taal en tegniese versorging.**

### **Aan my Vader en Moeder:**

- **my vader, Hans, vir sy sterke hand en vertroue in my en my broer, en die kosbare geleentheid wat hy ons gegee het om te kon studeer;**
- **my moeder, Rosie, wat my in hierdie tyd die duidelikste bewys van deursettingsvermoë, vertroue, geloof en hoop geleer het gedurende haar siekte.**

***“Waarlik, God is goed vir Israel, vir die wat rein van hart is.” – Psalm 73:1.***

## **ABSTRACT**

### **THE MANAGEMENT OF THE PRODUCTIVITY SAFETY POLARITY ON A GOLD MINE**

by

J.J. van Wyngaard

STUDY LEADER : PROF LD COETSEE  
DEPARTMENT : POTCHEFSTROOM BUSINESS SCHOOL  
DEGREE : MASTER IN BUSINESS ADMINISTRATION

In early December 2007, tens of thousands of gold mine workers in South Africa downed tools to protest against the safety standards of their industry. The strike action caused major losses for the gold mining industry and brought the dangerous working conditions endured by miners to public attention once again. As the first national walkout by miners since the dismantling of apartheid, the strike signifies mass employee dissent that the gold mining industry cannot afford to take lightly. The gold mining industry must now manage the dilemma that it places increased productivity before safety.

Productivity should be the key to showing how safety makes money. Stated simply, there's a direct link between safety and productivity. When safety improves, productivity increases; when safety decreases, productivity declines.

Any industry worth its salt should understand the value of productivity and its impact on safety performance. So linking safety to productivity is almost guaranteed to capture management's attention. Of course, its one thing to assert that safety requires productivity to succeed, and another to prove it.

The difficulty is clear, gold mining companies need to manage the dilemma of safety and productivity, and problem solving methods alone cannot work when dealing with this critical issue. This study attempted to address the dilemma of safety and productivity through applying the polarity management perspective.

**Key words:** Safety, productivity, dilemma/polarity, polarity management

## **OPSOMMING**

### **DIE BESTUUR VAN DIE PRODUKTIWITEIT VEILIGHEID DILEMMA BY 'N GOUDMYN**

deur

J.J. van Wyngaard

STUDIELEIER : PROF. LD. COETSEE  
DEPARTEMENT : POTCHEFSTROOM BESIGHEIDSKOOL  
GRAAD : MEESTERSGRAAD IN BESIGHEIDSADMINISTRASIE

In Desember 2007 het tienduisende goudmynwerkers in Suid-Afrika werk gestaak om teen die veiligheidstandaarde van hulle bedryf te protesteer. Die stakingsaksie het ernstige verliese vir die goudmynbedryf meegebring, en die gevaarlike werksomstandighede wat mynwerkers verduur, weereens onder die aandag van die publiek gebring. Synde die eerste nasionale uitstappery deur mynwerkers sedert die aftakeling van apartheid, het die staking massa-werknemerontevredenheid onder die aandag gebring wat die goudmynbedryf nie kan bekostig om ligweg op te neem nie. Die goudmynbedryf moet nou hierdie dilemma bestuur dat dit veiligheid ondergeskik stel aan toenemende produktiwiteit.

Produktiwiteit behoort die sleutel daartoe te wees om te wys dat veiligheid geld genereer. Eenvoudig gestel: daar bestaan 'n direkte interafhanklikheid tussen veiligheid en produktiwiteit. Wanneer veiligheid verbeter, neem produktiwiteit toe; wanneer veiligheid verwaarloos word, neem produktiwiteit af.

Enige bedryf wat sy sout werd is, behoort die waarde van produktiwiteit en die uitwerking daarvan op veiligheidsprestasie te verstaan. Dus, deur veiligheid aan produktiwiteit te koppel sal bestuur se aandag onafwendbaar daarop toegespits

word. Natuurlik is dit een ding om te beweer dat veiligheid benodig word om produktiwiteit te laat slaag, maar dit is iets heeltemal anders om dit te bewys.

Die dilemma is duidelik: goudmynmaatskappye moet veiligheid en produktiwiteit in balans bestuur, en probleemoplossende metodes alleen kan nie slaag wanneer hierdie kritieke vraagstuk hanteer moet word nie. Die onderhawige studie was 'n poging om die dilemma veiligheid-produktiwiteit onder die vergrootglas te neem deur die benadering van polariteitsbestuur toe te pas.

**Sleuteltermes:** Veiligheid, produktiwiteit, dilemma/polariteit, polariteitsbestuur

# DIE BESTUUR VAN DIE PRODUKTIWITEIT VEILIGHEID DILEMMA BY 'N GOUDMYN

## INHOUDSOPGAWE

	<b>Bladsy</b>	
<b>LYS VAN FIGURE</b>	iv	
<b>LYS VAN TABELLE</b>	v	
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING</b>		
1.1	ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIE	1
1.2	PROBLEEMSTELLING	5
1.3	DOELSTELLING VAN DIE STUDIE	5
1.4	NAVORSINGSMETODIEK	6
1.5	ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE KERNBEGRIPPE VAN DIE STUDIE	7
1.6	BEPERKINGE VAN DIE STUDIE	8
1.7	HOOFSTUKVOORUITSKOING	9
<b>HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG</b>		
2.1	INLEIDING	10
2.2	VEILIGHEID	11
2.2.1	Historiese benaderings ten opsigte van die begrip veiligheid	11
2.2.2	Veiligheid en die bestuur daarvan	13
2.2.3	Veiligheid en produktiwiteit	14
2.3	PRODUKTIWITEIT	15
2.3.1	Historiese benaderings tot die begrip produktiwiteit	16
2.3.2	Werknemerproduktiwiteit	17
2.3.2.1	Motivering in die werksomgewing	18
2.3.3	Produktiwiteit en veiligheid	20
2.4	POLARITEITSBESTUUR	22

2.4.1	Polariteitsbestuur as 'n benaderingswyse	22
2.4.2	Die polariteitskaart	24
2.4.3	Identifisering van die oorkoepelende doelwit van 'n polariteitskaart	26
2.4.4	<i>"Een, óf die ander"</i> -probleemoplossingsdenke werk nie vir polariteitsbestuur nie	27
2.4.5	Dinamiek van Polariteitsbestuur	29
2.4.6	Samevatting - Polariteitsbestuur	32
2.5	SAMEVATTING	32

### **HOOFSTUK 3: EMPIRIESE ONDERSOEK**

3.1	INLEIDING	33
3.2	AGTERRGROND EN BESKRYWING VAN DIE POPULASIE WAARBINNE DIE EMPIRIESE ONDERSOEK UITGEVOER IS	35
3.3	POLARITEITSBESTUUR-WERKSWINKEL	37
3.3.1	Doel van die polariteitsbestuur -werkswinkel	37
3.3.2	Rapportering van die polariteitskaartresultate	38
3.4	INTERPRETASIE VAN INLIGTING	38
3.5	SAMEVATTING	38

### **HOOFSTUK 4: BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

4.1	INLEIDING	40
4.1.1	Algemene aspekte ten opsigte van die interpretasie van die resultate	41
4.2	BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS	41
4.2.1	Bespreking van die polariteitskaart	41
4.2.2	Gevolgtrekkings ten opsigte van die bestuur van die twee onderling afhanklike pole 'veiligheid' en 'produktiwiteit'	46
4.3	AANBEVELINGS	47
4.4	LEEMTES IN HIERDIE ONDERSOEK	47
4.5	AANBEVELINGS VIR VERDERE ONDERSOEK	47

<b>BIBLIOGRAFIE</b>		<b>49</b>
---------------------	--	-----------

**BYLAES**

BYLAE A	“Can South Africa stop mine fatalities?”	
	“AngloGold facing crossroads”	52
BYLAE B	“Polarity Management (apractical tool for managing with a diffrence)”	
	Polariteitsbestuur-werkswinkel aanbieding.	61

\*\*\*\*\*

## LYS VAN FIGURE

## Bladsy

Figuur 1-1	Die elementêre polariteitskaart	4
Figuur 2-1	Die produktiwiteitsproses	16
Figuur 2-2	Polariteitskaart	24
Figuur 2-3	Oorbeklemtoning van 'n pool	29
Figuur 2-4	Die voordelige sirkel (" <i>a virtuous circle</i> ")	31
Figuur 2-5	Die nadelige sirkel (" <i>a vicious circle</i> ")	31
Figuur 3-1	Stappe in die polariteitsbestuurproses	34
Figuur 4-1	Polariteitskaart (finaal)	45

\*\*\*\*\*

**LYS VAN TABELLE**

	<b>Bladsy</b>	
Tabel 2-1	Resultate van regressing-analise ( <i>R-square</i> )	21
Tabel 2-2	Verskille tussen probleme en polariteite	28
Tabel 3-1	Samestelling van 'AGA' Great Nologwa myn departemente	36

\*\*\*\*\*

## HOOFSTUK 1

### 1.1 ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE STUDIE

Organisasies kan beskryf word as sisteme van bewus gekoördineerde aktiwiteite of kragte van twee of meer persone spesifiek om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik deur middel van die verdeling van arbeid (Kreitner & Kinicki, 2004:635). Die organisasie moet dus iets wat gemeet kan word, bereik, vervaardig of self ontwikkel. Ter verduideliking verwys Kleiner (1996) na 'n periode in die 1970s genaamd die 'rapids'. Groot organisasies het gedurende dié periode onder die vegrootglas gekom vanweë hul werkswyse en besluitneming wat 'n invloed gehad het op die omgewing, mense en die sosiale gemeenskap waarin hulle funksioneer.

'n Gevolg hiervan is dat bestuursleiers se operasionele aktiwiteite noukeurig deur eksterne partye geëvalueer is om te bepaal of die onderhawige organisasie wel wetlik en omgewingsgoedgesind funksioneer (Grimaldi & Simonds, 1989:9). Die verwagting bestaan dat organisasies die dilemma om produktief en tegelykertyd veilig en omgewingsbewus te funksioneer moet oorkom. 'n Resultaat van hierdie oorwegings is dat bestuursleiers toenemend by gemelde dilemma betrokke moet raak en daarop moet fokus.

Die veiligheid-produktiwiteitdilemma is tans kenmerkend van die mynboubedryf in Suid-Afrika. Na die verkiesing van 1994 ondervind Suid-Afrikaanse organisasies en veral die mynbou-ondernemings toenemende druk ten opsigte van die dilemma rakende veiligheid en produktiwiteit. Die toetrede van mynbou-ondernemings in Suid-Afrika tot besigheidsmarkte en aandelebeurse in Europa en Noord-Amerika het spesiale fokus op Suid-Afrikaanse organisasies gerig ten opsigte van produksie, veiligheid, werknemerwelstand en omgewingsbewustheid. Die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf is die afgelope tyd veral in die spervuur weens veiligheidstoestande en lae produksie (Ndaba, 2008:1) Dit dra daartoe by

dat tegnies ingewikkelde goudmyne wat al in die 1940s gesink is, hul prosesse moes herevalueer ten opsigte van veiligheid, omgewingsbewustheid, koste en produktiwiteit. Hierbenewens is daar bydraende tendense, soos beskryf deur Bain (2008:1), wat direk op operasionele koste, veiligheid en produktiwiteit inwerk:

- voorsiening van elektrisiteit aan myne teen konstante 90%-kapasiteit,
- verminderde winste weens laer produksie-uitsette gepaardgaande met hoër koste,
- wisselende goudprys - dollarprys vir goud R7,35/\$ (soos op 7 Februarie, 2008),
- verlies van produktiwiteit weens noodlottige beroepsongelukke, en die staat se doelgerigte optrede om operasionele aktiwiteite te staak indien dit beskou word as onveilig vir arbeiders.

Dit het duidelik geword dat goudmyne nie meer produksie- en kostebesparing kan beklemtoon ten koste van veiligheid nie. Die nuwe uitvoerende direkteur van AngloGold Ashanti, Mark Cutifani (Aus), beklemtoon hierdie siening tydens sy perskonferensie en bekendstelling as nuwe uitvoerende direkteur in Augustus 2007: "I think we can add some value in terms of safety and at the same time we can achieve record productivity. I think we need to prove that you can do both and I think it's all about the management of people".

Dit kom neer op die effektiewe bestuur van die veiligheid-produktiwiteitdilemma, soos later verduidelik sal word. Benewens die dilemma rakende veiligheid en produktiwiteit bestaan daar 'n aantal ander dilemmas in die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf wat gereeld onder die soeklig is, en ook verband hou met die veiligheid-produktiwiteitdilemma. Voorbeelde hiervan is:


- Veranderlike goudprys Dollar/ per fyn ons en stygende produksiekoste.
- Die effektiewe bestuur van hulpbronne, infrastruktuur en die omgewing, sowel as toenemende wins.
- Die beheer van koste en verdere groei

**Die belangrikste van hierdie dilemmas en die een waarop die soeklig tans skerp val, is dié van veiligheid en produktiwiteit, en dan veral in die woorde van Mark Cutifani (2007:1) om te kan bewys dat beide veiligheid en produktiwiteit gelyktydig bevorder kan word.**

Barry Johnson van Grand Rapids, Michigan (VSA) en die stigter van Polarity Management Associates, het baanbrekerswerk op die gebied van dilemma-/polariteitbestuur gedoen. In sy boek '*Polarity Management Identifying and Managing Unsolvable Problems*' onderskei Johnson (1996) soos volg tussen probleme wat opgelos en dilemmas wat bestuur moet word:

- Probleme – het oplossings en kan gewoonlik uit die weg geruim word deur middel van die denkproses van óf die een, óf die ander “either/or thinking”.
- Polariteite of dilemmas – Polariteite het twee interafhanklike pole en is “onoplosbare probleme”. 'n Polariteit kan nie deur tradisionele denkprosesse van óf die een, óf die ander ('either/or thinking'), of deur 'n keuse tussen die twee opgelos word nie. Polariteite het twee interafhanklike pole en beide moet in balans bestuur word om die beste (positiewe gevolge) van beide die pole te verkry. 'n Polariteit word deur middel van 'n elementêre polariteitskaart (Figuur 1-1) voorgestel en verduidelik.
- Die polariteitskaart – wat in Figuur 1-1 vervat is, bestaan uit vier kwadrante. Die positiewe uitkomst (gevolge/resultate) van die twee pole word in die boonste twee kwadrante ingevul, en die negatiewe uitkomst (gevolge/resultate) van die twee pole in die onderste twee kwadrante. Die polariteitskaart weerspieël “beide/en-denke”, met ander woorde beide polariteite word deurlopend in ag geneem. Indien enigeen van die twee pole ten koste van die ander oorbeklemtoon word, gaan die negatiewe aspekte (die onderste twee kwadrante) van die pool wat beklemtoon word, ervaar word. Met polariteitsbestuur word gepoog om die balans tussen die twee pole te handhaaf deur op die voordele van beide te fokus ten einde

die oorkoepelende doelwit van die polariteit te verwesenlik. Dus moet daar gepoog word om soveel tyd moontlik in die positiewe kwadrante van die polariteit te bestee.



**Figuur 1-1: Die elementêre polariteitskaart**  
(Oorgeneem en aangepas uit Johnson, 1996)

## **1.2 PROBLEEMSTELLING**

Die dilemma van veiligheid-produktiwiteit is sonder twyfel baie belangrik, veral as die inhoud van relevante perskonferensies, persverklarings wat in Bylaag A vervat is, en kommentaar van uitvoerende beamptes van Suid-Afrikaanse goudmyne in ag geneem word.

Daar moet dus 'n optimale balans bewerkstellig word tussen veiligheid en produktiwiteit. Indien dit korrek bestuur word, behoort die Suid-Afrikaanse goudbedryf voortdurende verbetering in groei te toon en sal die voorkoms van ongelukke afneem. Die bewerkstelling van die balans is noodsaaklik om aandeelhouders en werknemers aan minder risiko's bloot te stel.

Die spesifieke probleem waarop in hierdie studie gefokus word, is die oneffektiewe bestuur van die veiligheid-produktiwiteitsdilemma in 'n spesifieke Suid Afrikaanse goudmyn.

## **1.3 DOELSTELLING VAN STUDIE**

Na aanleiding van bogenoemde probleemstelling word 'n aantal doelstellings geformuleer.

Die doelstellings van hierdie studie is om:

- (1) die historiese benaderings tot die begrippe veiligheid en produktiwiteit te ondersoek;
- (2) die benadering polariteitsbestuur, soos ontwikkel deur Johnson (1996), te volg om die dilemma van veiligheid-produktiwiteit vanuit hierdie nuwe perspektief te verstaan en te ontleed;
- (3) aan die hand van doelstelling 2 hierbo aksieplanne en aanbevelings aan die bestuur van 'n goudmyn voor te lê ten opsigte van die bestuur van hierdie dilemma.

Die oorkoepelende doelstelling is dus om uiteindelik te bepaal watter tipe aksieplanne in hierdie bepaalde goudmyn in werking gestel kan word om 'n doeltreffende balans te verkry en te vestig ten opsigte van die bestuur van veiligheid en produktiwiteit.

#### **1.4 NAVORSINGSMETODIEK**

Na aanleiding van die probleemstelling en doelstellings van die studie, soos hierbo uiteengesit, word die volgende benadering gevolg:

##### **Literatuurstudie**

'n Literatuurstudie word onderneem om die drie begrippe waaroor die studie handel, naamlik **veiligheid, produktiwiteit en polariteitsbestuur**, vanuit die literatuur te omskryf. Elk van die drie genoemde begrippe word afsonderlik bespreek en die onderlinge afhanklikheid daarvan word ook onder die loep geneem, waar en soos van toepassing.

##### **Empiriese navorsing**

Deur middel van die gebruikmaking van 'n gefasiliteerde groep sal gepoog word om 'n polariteitskaart te ontwikkel (wat aksiestappe insluit) en antwoorde op die volgende navorsingsvrae sal verskaf:

- i) Kan 'n effektiewe balans gehandhaaf word tussen veiligheid en produktiwiteit ten einde 'n oorkoepelende doelwit, binne 'n goudmyn te bereik?
- ii) Watter vroeë waarskuwings sal dien om die dilemma rakende die veiligheid-produktiwiteitdilemma effektief te bestuur?
- iii) Watter tipe aksieplanne sal die balans tussen 'n fokus op beide die pole en ter bereiking van 'n oorkoepelende doelwit kan bewerkstellig en in stand hou?

Die doel hiermee is om deur middel van die gebruik van polariteitsbestuursbeginsels die dilemma van veiligheid-produktiwiteit te ondersoek en aksiestappe vir die hantering van hierdie dilemma in te stel sodat 'n oorkoepelende doelstelling (wat ook geformuleer sal word) bereik kan word.

## **1.5 ORIËNTASIE TEN OPSIGTE VAN DIE KERNBEGRIPPE VAN DIE STUDIE**

### **Veiligheid**

Grimaldi en Simonds (1989:22) omskryf die begrip 'veiligheid' as die afwesigheid van potensieel gevaarlike situasies, of as die aanwesigheid van beskermende maatreëls wat 'n individu of groep teen potensieële oorsake van gevaar beskerm. Vir doeleindes van die studie word veiligheid omskryf as: "n toestand wat 'n persoon of persone veilig laat voel; of 'n gevoel van beskerming wat heers teen fisiese, sosiale, geestelike, finansiële, politieke, emosionele, beroeps- en psigologiese verlies, mislukking, ongelukke of enige ander gebeurtenis wat veiligheid beduidend negatief kan beïnvloed (Grimaldi & Simonds, 1989:4)".

Dit kan die vorm aanneem van beskerming teen die blootstelling van mense aan gebeure wat gesondheid en/of ekonomiese verlies kan meebring.

### **Produktiwiteit**

Die begrip 'produktiwiteit' verwys in wese na die berekening of bepaling van 'n land, industrie of organisasie se effektiwiteit met betrekking tot produksie (Kroon, 1996:205). Vir doeleindes van die onderhawige studie word produktiwiteit omskryf as "(d)ie verhouding (wat gemeet kan word) tussen die insette en uitsette van arbeid ten einde beplande produksie te lewer".

## **Polariteitsbestuur**

Polariteite is onvermydelik, onvernietigbaar en onoplosbaar (Johnson, 1996). Die geheim van polariteitsbestuur is om welbewus te aanvaar dat daar in enige paradoks of dilemma 'n stel probleme is wat nie 'permanent opgelos' kan word nie. Polariteite is anders as probleme. 'n Polariteit bestaan indien die volgende toestand heers:

- ✓ "Probleem" wat deurlopend ontstaan en wat in die toekoms weer sal opduik?
- ✓ 'n Situatie waarin twee pole wat onderling van mekaar afhanklik is, gegeneer word.

## **1.6 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE**

Uit die aard van die tipe navorsing wat gedoen word, word die geldigheid en bruikbaarheid van die resultate van die studie deur die volgende faktore beperk:

- ✓ Hierdie studie word, wat die empiriese gedeelte betref, uitsluitlik binne die milieu van 'n goudmynorganisasie wat ondergronds aktief is, uitgevoer. Die resultate en gevolgtrekkings is derhalwe op die spesifieke 'goudmynorganisasie' van toepassing, naamlik AngloGold Ashanti – Suider-Afrikaanse Distrik. Die resultate kan dus nie sonder meer van toepassing gemaak word op die hele Suid-Afrikaanse goudmynbedryf nie.
- ✓ Die polariteitskaart vorm die kern van die empiriese studie. Johnson (1996) se benadering, waarop hierdie studie gebaseer word, kan moontlik inherente tekortkominge hê waarvan hierdie skrywer nie bewus is nie.
- ✓ Die skrywer self sal die fokusgroepe wat die polariteitskaarte ontwikkel en fasiliteer. Die skrywer het nie vorige ervaring van hierdie tipe fasilitering nie, maar sal poog om die fasilitering so objektief en neutraal moontlik te fasiliteer

## **1.7 HOOFSTUKVOORUITSKOUING**

Hoofstuk 1 bevat 'n oriëntasie ten opsigte van die studie, die probleemstelling, doelstellings, navorsingsbenadering en omskrywing van die kernbegrippe.

Verslag word in Hoofstuk 2 gelewer oor 'n literatuurstudie wat oor die onderwerpe veiligheid, produktiwiteit en polariteitsbestuur handel. Elk van die drie onderwerpe word as afsonderlike begrippe bespreek, maar die onderlinge afhanklikheid word, waar van toepassing, ook behandel.

Hoofstuk 3 handel oor die navorsingsmetodologie en die uitvoering van die empiriese gedeelte van die studie. Die teikengroep wat 'n aantal fokusgroepe insluit en die ontwikkeling van die betrokke polariteitskaarte wat gebruik word, word in hierdie hoofstuk bespreek.

In Hoofstuk 4 word die resultate en gevolgtrekkings van die studie weergegee, en enkele aanbevelings ten opsigte van die bestuur van die veiligheid-produktiwiteitspolariteit word ook in hierdie hoofstuk aan die hand gedoen.

---

## HOOFSTUK 2

### LITERATUUROORSIG

Hierdie hoofstuk het ten doel om die drie begrippe waaroor die studie handel, naamlik veiligheid, produktiwiteit en polariteitsbestuur vanuit die tersaaklike literatuur te omskryf. Elk van die drie genoemde begrippe word afsonderlik bespreek en die onderlinge afhanklikheid daarvan word ook behandel, waar en soos van toepassing.

#### 2.1 INLEIDING

Vir die doel van die onderhawige studie word die begrip 'veiligheid' uit 'n werksomgewingperspektief bespreek. Grimaldi en Simonds (1989:22) omskryf die begrip 'veiligheid' as die afwesigheid van potensieel gevaarlike situasies, of as die aanwesigheid van beskermende maatreëls wat 'n individu of groep vrywaar van potensiele oorsake van gevaar.

Die begrip 'produktiwiteit' word nie altyd omskryf soos 'n mens dit in die werksomgewing ervaar nie. Produktiwiteit in die werksomgewing hou verband met die effektiwiteit van werknemers of, in ekonomiese terme, 'menslike kapitaal'. Die begrippe 'veiligheid' en 'produktiwiteit' en die interafhanklikheid daarvan word later in die hoofstuk bespreek met verwysing na die begrip 'polariteitsbestuur'.

## **2.2 VEILIGHEID**

### **2.2.1 Historiese benaderings ten opsigte van die begrip veiligheid**

Gevaar en sogenaamd gevaarlike situasies bestaan eeue lank reeds. Bewyse word in die geskiedenis gevind van die Babiloniese ryk waar beserings en ongelukke gereeld voorgekom het (Grimaldi & Simonds, 1989:22). Die druk wat in daardie spesifieke tyd op konstruksie-werknemers geplaas is, het tot gevolg gehad dat werknemers gereeld hulle konsentrasie verloor en dus beserings opgedoen het. Hierdie tendens van lae konsentrasievlakke het potensieel gevaarlike situasies laat ontstaan. Werknemers was in hulle strewe na verhoogde produktiwiteit roekeloos en nalatig (Glendon & Mckenna, 1995:22). Arbeiders was gefokus op die verwagtinge van hulle heersers ten opsigte van verhoogde produktiwiteit, selfs ten koste van hulle eie lewens.

Met verloop van tyd word verdere bewyse gelewer van genoemde tendens. Glendon en Mckenna (1995:17) beskryf hoe die Egiptenare potensieel gevaarlike situasies en lewensverliese probeer voorkom het en met behulp van veiligheidsmaatreëls, gevaarlike werksaktiwiteite bestuur het. Sogenaamde 'veiligheidsoortreders' is swaar gestraf vir oortredings wat verband gehou het met persoonlike nalatigheid en lewensverlies. Die wette en strafproses is geadministreer deur die verantwoordelike amptenare. Hierdie wette was daarop gerig om drie uitkomstte te bereik (Grimaldi & Simonds, 1989:26), naamlik:

- Persoonlike besering moes deeglik deur die meester van die slaaf en die verantwoordelike amptenare ondersoek word.
- Boetes is gehef vir werknemernalatigheid en die skep van potensieel gevaarlike situasies.
- Indien bewyse gelewer kon word dat 'n individu verantwoordelik was vir die verlies van 'n medewerker se lewe, is die individu vir sy onverantwoordelike optrede gestenig. Die mate van betrokkenheid by die besering of ongeluk het die boete of straf bepaal; dus hoe meer betrokke, hoe groter die straf.

Die bewyse is duidelik dat die Farao's min simpatie betoon het met beskuldigdes en hulle medepligtiges wat die sogenaamde 'veiligheids'-wette verontagsaam het. Die Egiptenare het dus die grondslag gestel vir hedendaagse beroepsveiligheidswette en die toepassing daarvan.

Gedurende die industrialisasie-era is die begrip 'veiligheid' en die beoefening daarvan meer betekenis gegee (Grimaldi & Simonds, 1989:37; Accel-team, 2007). Mense het na die werksplek gestroom met die een doel voor oë - om geld te verdien. Hierdie beweging was ook nie vry van die veiligheidsprobleem nie. Glendon en Mckenna (1995:41) verwys na dié werknemer as iemand wat slegs gefokus was op geld en produksie, sonder inagneming van sy eie lewe. Werknemers het hulle aan noodlottige werksrisiko's blootgestel deur hulle veiligheid te verontagsaam. Die tendens het heftige reaksie ontlok in werksforums en wetlike liggame (Glendon & Mckenna, 1995:42).

Wetmakende liggame het begin kennis neem van die veiligheid-produktiwiteitdilemma, en die ontstaan van 'gesondheidsregulasies en -wette', wat aangevuur is deur industriële werksforums, het ontstaan (Grimaldi en Simonds, 1989:39). Die industriële werksforums het daarop gefokus om vroeë waarskuwings van 'wanpraktyk' of 'onveilige praktykbestuur' te identifiseer en dan die maatreëls vir die voorkoming daarvan te dokumenteer. Hierdie optrede dui daarop dat 'n bewustheid bestaan het van wat "polariteitsbestuur"-denke genoem kan word, naamlik dat vroeë waarskuwings geïdentifiseer is om die negatiewe resultate van 'n te sterk klem op produktiwiteit te vermy.

Die eerste beroepsveiligheidsliggaam, die 'Manchester Board of Health', is in 1879 in die lewe geroep met die oorkoepelde doel om onveilige werksomstandighede te beveg deur middel van die implementering van wetgewing rakende veiligheidsbeheer (Glendon & Mckenna, 1995:22).

## 2.2.2 Veiligheid en die bestuur daarvan

Die begrip veiligheid verwys verder ook na maatreëls wat geïmplementeer kan word om sogenaamd potensieel gevaarlike situasies te vermy (Kompier & Cooper, 1999:48). Die mens word van die elementêre fase in skole af reeds gekondisioneer om te verstaan en te weet wat reg en verkeerd is (Johnson, 1996:XI). 'n Individue sal so ver moontlik probeer om gevaarlike situasies doelbewus te vermy omdat sy denkwyse só gekondisioneer is (Kompier & Cooper, 1999:24).

As 'n reël stel owerhede in die moderne era wetgewing in om hierdie bewuste verontagsaming van gevaar te ondervang. 'n Voorbeeld hiervan in die Suid Afrikaanse mynboubedryf is die wet op mynveiligheid en -gesondheid: die 'Mine Health and Safety Act of 1996'. Grimaldi en Simonds (1989:51) verwys na veiligheidswetgewing as 'n werktuig om veiligheidsbewustheid te bewerkstellig. Organisasies wat hierdie wetgewing positief toepas, het 'n mededingende voordeel bo ander. Ndaba (2008:1) vat dit saam en beskryf dit as 'n bewuste poging wat 'n organisasie aanwend om internasionale standaarde te handhaaf en terselfdertyd veiligheid as 'n kernelement van die organisasiekultuur te bestuur.

Barton (2008:1) redeneer dat moderne veiligheidsbestuurders glo dat 'n veiligheidskultuur gemeet kan word aan die koste van die veiligheidsprogram. Die paradoks wat ons vandag teëkom, is dat bestuurders probleme daarmee ondervind om 'n balans te vind tussen 'n goeie risikobestuurprogram en die finansiële implikasies daarvan oor die langtermyn en om dit te handhaaf (Kompier & Cooper, 1999:61). Die redes hiervoor is dat so 'n risikobestuurprogram tydelike oplossings bied vir siektes en beroepsbeserings, maar terselfdertyd groot besteding van geld verg. 'n Manier om uit hierdie dilemma te ontsnap is deur op ander ekonomiese faktore en nie net finansiële besparings nie, te fokus. Die grootste voordeel wat 'n organisasie kan trek uit goeie veiligheidsprogramme is verhoogde produktiwiteit (Barton, 2008:1).

### 2.2.3 Veiligheid en produktiwiteit

Die bewyse dat veiligheid wel produktiwiteit kan verhoog, word gelewer deur 'n Amerikaanse Produktiwiteitsoudit (American Productivity Audit) in die ('*Journal of Occupational and Environmental Medicine, 2003*'). Navorsing is onderneem waarby 28 000 werknemers betrek is. Die resultate het twee spesifieke faktore geïdentifiseer wat 'n direkte impak op veiligheid en produktiwiteit het (Barton, 2008:2):

- 1) **Die afwesigheidsfaktor** – Die afwesigheid van werknemers het 'n direkte invloed op produktiwiteit. Die vernaamste redes vir die afwesigheid van arbeiders was eerstens dat hulle gevaarlike omstandighede wou vermy en dat hulle hulle van gevaar wou weerhou. Tweedens is daar ook bewyse van werknemers wat hulleself noodlottig beseer het om sodoende vergoeding te ontvang. Die vergoeding is wetlik deur die wet op beroepsveiligheid én die kompensasiwet ondersteun. Dit alles het bygedra tot verdere uitgawes.
  
- 2) **Die welstandfaktor** – Werknemers wat lojaal is teenoor die organisasie was bereid om te gaan werk, al was hulle siek. Die werknemer was dus by die werk maar het nie optimaal gefunksioneer nie. Die tendens is dat die werknemer bereid was om ten spyte van sy eie welstand en gesondheidsoorwegings ondergeskik te stel aan die bereiking van die doelwitte van die organisasie. Gevolglik het produksie daar onder gely.

Samevattend gestel, het APA (American Productivity Audit, 2003) bewyse gelewer daarvan dat hierdie dilemma die organisasie 'n volle \$180 biljoen gekos het (Barton, 2008:4).

Die invloed van veiligheid op verhoogde produktiwiteit en doelmatigheid in 'n organisasie is waarskynlik groter as wat algemeen aanvaar word. Alhoewel vele pogings aangewend is om veiligheid te beheer word die bestuur van

veiligheidsmaatreëls nie effektief toegepas nie. Die eintlike vraag is: “Wat wil ons bereik deur op veiligheid te fokus?” Indien die vraag aan unies en verenigings van die betrokke myn van hierdie studie, gerig sou word, sou die antwoord waarskynlik wees: “Dit word gedryf deur wette; daarom sal ons dit toepas!”

Gevolgtrekking poog unies en verenigings om weens swak bestuur van veiligheid strengere wette teen die werkgewer ingestel te kry (Ndaba, 2008:5). Terselfdertyd beskou veiligheidskonsultante veiligheid eerder as 'n morele verantwoordelikheid as iets wat bloot deur wette gedryf moet word.

Dus bestaan daar eene lank reeds die probleem dat bestuurders glo: “Ons moet veiligheid bevorder, want dit is die regte ding om te doen”. Wanneer die probleem as 'n polariteit benader word, word bewyse gelewer daarvan dat die bestuur van veiligheid alleen, nie 'n oplossing is nie, maar die langtermynbestuur van veiligheid en produktiwiteit as 'n geheel voordele inhou vir beide die individu en die organisasie. Die oorkoepelde doelwit moet wees dat die veiligheid- produktiwiteitdilemma so bestuur moet word dat dit die positiewe uitkomst daarvan op alle gebiede bewerkstellig.


Dit lei tot die gevolgtrekking dat veiligheid en produktiwiteit onderling afhanklik is en dat 'n fokus op veiligheid en veiligheidstelsels op produktiwiteit en die koste daarvan kan bewerk.

### **2.3 PRODUKTIWITEIT**

Die begrip ‘produktiwiteit’ in leketaal word omskryf as die vermoë om die meeste te doen met die minste hulpbronne. In bestuursterme verwys produktiwiteit na die verhouding tussen opbrengs of uitset (wat geproduseer is) en die inset wat gelewer word om die resultaat te behaal (Kroon, 1995:205). Produktiwiteit is die mate waarin 'n organisasie of groep die insette van kapitaal en werknemers doelmatig gebruik. Indien die omskakeling van insette (natuurlike hulpbronne,

arbeid, kapitaal, materiaal) effektief benut word, dus sonder enige onderbrekings, vertraging of tydverspilling, sal hoër uitsette (resultate, produkte, goedere, dienste) verkry of gelewer kan word.

Kroon (1996:206) beskryf die produktiwiteitsproses en verwys na die strewende van alle produktiwiteitverwante pogings van bestuur as dat dit daarop gemik is om die doeltreffendheid en doelmatigheid van die organisasie in die geheel te bevorder. Hierdie poging van bestuur rakende die produktiwiteitsproses word soos volg in Figuur 2-1 voorgestel:



**Figuur 2-1: Die produktiwiteitsproses**

*(Oorgeneem en aangepas uit Kroon, 1996:206)*

### 2.3.1 Historiese benaderings tot die begrip produktiwiteit

Organisasies strewende daarna om produktiewe werksomgewings te skep met die doel om beter resultate te verkry (Charlton, 2000:17). 'n Tipiese voorbeeld is die hoogstaande werk van Frederick Winslow Taylor ten opsigte van produktiwiteitsbestuur in die werksomgewing (Accel-team, 2007:3). In 1881 het Fredrick Windsor Taylor 'n dokument gepubliseer wat die normale aanwending

van metaalgereedskap heromskryf het as 'n wetenskap (Accel-team, 2008:4). Frederick Windsor Taylor se wetenskaplike benadering tot produktiwiteit is daarop gemik om die normale werksprosesse te vergemaklik. 'n Unieke voorbeeld hiervan is die herontwerp van die tradisionele metaalgraaf. Met hierdie verandering het Taylor daarin geslaag om metaalgrawe te ontwerp wat werknemers in staat gestel het om dit te gebruik om meer as een werksfunksie te verrig.

In 1895 het Taylor dokumente gepubliseer wat vergoedingstelsels omskryf het. Hierdie vergoedingstelsels het dit moontlik gemaak dat arbeiders vergoed word volgens werk wat gelewer is. Taylor se benaderings behels die volgende kernaspekte (Grimaldi & Simmons 1989:17):

- Organisasies moet duidelik voorskrywend wees ten opsigte van hoe werknemerkapitaal bestee word.
- Beplanning moet in afsondering geskied – weg van die praktiese werksomgewings.
- Voldoende vergoeding of vergoedingstelsels moet vir werknemers ingestel word.

In die 1920's het Elton Mayo en 'n paar Harvard-kollegas werksuitputting bestudeer, en dié studies het getoon dat motivering buite die beperkinge van die sistematiese en rasonele modelle van Taylor plaasvind en dus nie daardeur verklaar word nie. Die navorsing het getoon dat individue heelwat behoeftes en emosies het en persoonlike waardes huldig wat nie konstant verband hou met goeie taakomskrywing, werksomgewingstandaarde en prestasie-evaluerings nie.

### **2.3.2 Werknemerproduktiwiteit**

Histories het 'n organisasie gefokus op strategieë, prosesse en prosedures om produktiwiteit in die werksomgewing te bevorder (Charlton, 2000:19). Produktiwiteit van werknemers word tans aan die hand van streng maatreëls en

regulasies bestuur. Charlton (2000:19) verwys hierna as dissiplinêre kodes en streng vereistes wat in die werksomgewing gestel word. Om hierdie strategieë, prosesse en prosedures sorgvuldig te bestuur word daar van die toesighouer of bestuurder verwag om produktiwiteit as hoofdoelwit te beklemtoon.

Om werknemerproduktiwiteit te bevorder moet daar egter op twee kardinale elemente gefokus word (Bardy, 2006:1), naamlik motivering in die werksomgewing en die infrastruktuur van die werksomgewing. Die twee faktore word vervolgens bespreek

### **2.3.2.1 Motivering in die werksomgewing**

Elton Mayo van die alombekende 'Hawthorne studies' het tien jaar gewy aan die studie van werksgroepe met die oorkoepelende doelwit om werknemerproduktiwiteit beter te verstaan. Die belangrikste riglyn wat uit Elton Mayo se studies te voorskyn gekom het, is: "Hoe meer aandag werknemers geniet, hoe hoër is hulle produktiwiteit" (Accel-team, 2007:1).

Deesdae word bonusse, meer geld, verhoogde salarisse en ander vorme van finansiële vergoeding beskou as aansporingsmeganismes vir verhoogde produktiwiteit. Charlton (2000:21) beklemtoon egter dat produktiwiteit nie slegs deur finansiële vergoeding, as enigste motiveerder, bevorder kan word nie. Coetsee (2002:17) beskryf motivering as interaksies tussen verskeie kragte in die individu en sy werksomgewing wat doelgerigte gedrag aanwakker. Verder omskryf Coetsee motivering in die werksomgewing as *"The willingness of individuals and teams to exert high levels of effort to attain organisational goals, conditioned by the effort's capability to satisfy individual and team needs."*

Motivering beïnvloed werksgedrag en werksprestasie (Kreitner & Kinicki 2004:259). In die werksomgewing word motivering deur onder meer twee sleutelfaktore beheer, naamlik:

- ✓ **Individuele behoeftes** - Individuele behoeftes word aangespoor deur verwagtinge, emosies, waardes en die werksondervinding (Kreitner & Kinicki, 2004: 260).
- ✓ **Taak/werksontwerp** - Werksontwerp word beïnvloed deur die fisiese werksomgewing, taakoms krywing, vergoeding en bemagtiging, toesighouding, ondersteuning en opleiding, sosiale waardes en, laaste maar nie die minste nie, organisasiekultuur.

Samevattend kan gestel word dat individuele behoeftes en werksontwerp beskryf word as belangrik in die motiveringsproses en 'n sleutel tot verbeterde produktiwiteit (Kreitner & Kinicki, 2004: 260). Bestuurders skryf negatiewe motivering wat ontstaan as gevolg van swak bestuur van die motiveringsproses in die werksomgewing dikwels toe aan die persoonlike persepsies van werknemers en nie aan die resultaat van bestuurders en toesighouers se bestuurstyle en gedrag nie.

Die moderne siening is om motivering te stimuleer deur 'n motiverende klimaat in die werksomgewing te skep. 'n Motiverende klimaat kan 'n werknemer se denkwysse beïnvloed om produktief te wees en terselfdertyd veiligheidsmaatreëls na te kom. 'n Motiverende klimaat word gevestig deur effektiewe bestuursleierskap, 'n gemeenskaplike waardestelsel en gesonde werksetiek (Coetsee, 2000:24). Die resultate van 'n motiverende klimaat is doelgerigte betrokkenheid van werknemers en bestuursleiers, produktiwiteit en hoër werksbevrediging.

Werknemerhoudings en -gedrag binne die motiverende klimaat wat bestuurders en toesighouers skep, het 'n direkte invloed op veiligheid en produktiwiteit, op die wyse waarop dit ervaar word en op die gevolg daarvan binne die werksomgewing (Kompier & Cooper, 1999:48). Een van die basiese maniere waarop veiligheid gemotiveer word, is deur 'n gevoel van vrees te skep met die doel om die individu bewus te maak van die gevare en risiko's wat met sy werk

verband hou. Die kweek van 'n positiewe ingesteldheid is waarskynlik veel beter as die "vrees"-benadering. Werknemers, bestuurders en toesighouers moet beseef dat die nakoming van veiligheidsmaatreëls tot almal se voordeel is.

### 2.3.3 Produktiwiteit en veiligheid

Die feit dat onderlinge afhanklikheid tussen veiligheid en produktiwiteit in die werksomgewing voorkom, is nie 'n nuwe insig nie, maar geniet tans hernude aandag. In 1999 het die Britse maatskappy '**Foster Wheeler**' (**FW**), byvoorbeeld 'n studie geloods om die verband tussen veiligheid en produktiwiteit te ondersoek (Demby, 2006:1).

'Foster Wheeler' (1997) se studie behels 188 konstruksie maatskappy-projekte en die infrastruktuur van die werksomgewings, wat oor 'n periode van 17 jaar bestudeer is. Die fokus het op vier effektiwiteitsaanwysers geval, naamlik:

- **Kosteverhoudings:** (Totale projekkontrolebegroting/werklike koste).
- **Skeduleverhoudings:** (Beplande konstruksie in maande/werklike konstruksie maande).
- **Veiligheid:** (werklike of beraamde blootstelling ten opsigte van man-ure in miljoene/ hoeveelheid verlore werkstydbeserings).
- **Produktiwiteitverhoudings:** (Begroete man-ure/ werklike man-ure).

Om genoemde in ses pare te groepeer het (**FW**) van die statistiese tegniek *regressie analise*, gebruik gemaak met die oog daarop om die verwantskap (korrelasie) tussen die pare ('korrelasie') te meet. Die regressie-analise (in terme van "*pairing*", "*association*" en "*R-square*") word in Tabel 2-1 uiteengesit.

**Tabel 2-1: Resultate van regressie-analise (R-square)**

*(Oorgeneem uit Demby, 2006:5)*

PAIRING	ASSOCIATION	R-SQUARE
Productivity/Schedule	Positive	0.83
Productivity/Safety	Positive	0.63
Productivity/Cost	Positive	0.49
Schedule/Safety	Positive	0.43
Schedule/Cost	Positive	0.4
Cost/Safety	Positive	0.2

Vir die doeleindes van die onderhewige studie is die sleutelresultate in die tweede kolom van die tabel geïllustreer. Dit dui dus duidelik aan dat daar 'n verband (korrelasie) van 63% tussen veiligheid en produktiwiteit bestaan. Verder toon die resultate aan dat wanneer die frekwensie van beserings gehalveer word, 'n verhoging van 10% in produktiwiteit bereik word. In 'n alternatiewe enkele studie met 'n petrochemikalieë-maatskappy het (**FW**) bewyse daarvan gelewer dat halvering van die beseringfrekwensie resultate van 'n verhoogde 15% in produktiwiteit tot gevolg het (Barton, 2008:3).

Samevattend kan gesê word dat veiligheid en produktiwiteit nie as alleenstaande probleme beskou of "opgelos" word nie maar eerder as 'n dilemma of polariteite bestuur behoort te word. Die twee pole is interafhanklikheid en moet gelyktydig en in balans bestuur word. Dit geld veral in industrieë soos myne waar veiligheid 'n veel dringender vraagstuk is as byvoorbeeld 'n "witboordjie"-werksomgewing soos finansiële instellings.

## 2.4 POLARITEITSBESTUUR

Vir die doel van hierdie studie word die begrip polariteitsbestuur bespreek aan die hand van die volgende bronne:

- *'Polarity Management Solving Unsolvable Problems' (Johnson, 1996)*
- *Werkwinkel en werkboek van 'n polariteitsbestuurwerkswinkel wat Johnson in 2005 aangebied het op uitnodiging van die Potchefstroomse Besigheidskool. Tydens die werkwinkel is daar van 'n uitgedeelde werkboek gebruik gemaak tydens die werkwinkel. Daar sal na die bron verwys word as Johnson (2005)*
- *MBA-aantekeninge oor veranderingsbestuur (Coetsee, 2006)*

### 2.4.1 Polariteitsbestuur as 'n benaderingswyse

Polariteite is onvermydelik, onvernietigbaar en onoplosbaar (Johnson, 1996; 2005). Die grondslag van polariteitsbestuur is om te aanvaar dat daar in 'n tipiese paradoks of dilemma (ook genoem 'n polariteit) 'n stel "probleme" voorkom wat nie 'permanent opgelos' kan word nie. Polariteite verskil van probleme wat wel opgelos kan word. 'n Polariteit bestaan indien die volgende vrae positief beantwoord word:


- Is daar 'n probleem wat aaneenlopend is wat, ten spyte van pogings om dit "op te los", steeds voorkom en in die toekoms sal voorkom?
- Beskik die polariteit oor minstens twee pole wat terselfdertyd interafhanklik is van mekaar?

Indien die antwoord op bogenoemde vrae positief is, bestaan daar 'n polariteit wat bestuur moet word. Dit kan nie soos in die geval van 'n probleem, deur middel van probleemoplossingsmetodes opgelos word nie (Johnson, 1996 & 2005).



## 2.4.2 Die polariteitskaart.

Die Polariteitskaart en die dinamiek van 'n polariteit word in Figuur 2-2 omskryf en voorgestel.



**Figuur 2-2: Polariteitskaart**

*(Oorgeneem en aangepas uit Johnson, 1996)*

Die samestelling van 'n polariteitskaart is 'n vaardigheid en 'n kuns (Johnson, 2005). Gewoonlik word polariteitsbestuur as 'n "groepsprobleem" beskou. Wanneer 'n groep 'n polariteitskaart saamstel, kom dit dikwels voor dat verskillende subgroepe die een pool ten koste van die ander oorbeklemtoon. As 'n subgroep ten gunste is van die linkerkantste pool sal die groepslede fokus op die voordele (sterkpunte) van die linkerpole en die nadele van die regterpool. Die omgekeerde sal verskyn as 'n subgroep die regterpool sterk ondersteun. Hulle sal dan fokus op die voordele (sterkpunte) van die regterpool en die nadele van die linkerpole. Die denkwysie wat bewerkstellig moet word, is om die pole elk met sy eie positiewe (voordele) en negatiewe (nadelige) elemente te sien as 'n geheel.

Die doel van polariteitsbestuur is dan: om die oorkoepelende doelwit (1) in Figuur 2-2, te realiseer en die ongewenste resultaat/uitkoms (2), in Figuur 2-2, te vermy deur middel van 'n bepaalde Polariteitsbestuurproses (Johnson, 1996 & 2005). Die polariteitsbestuurproses (Johnson, 2005:11), bestaan uit:

- 1.) Die definiëring van die polariteit. Dit is die bepaling van die twee interafhanklike pole en die "naamgewing" daarvan. Die "name" van die twee pole moet neutrale name wees.
- 2.) Insluiting van alle belanghebbendes by die ontwikkeling van die verdere stappe.
- 3.) Die "bou" van die polariteitskaart, soos in Figuur 2-2 voorgestel, wat die bepaling van die volgende insluit: die oorkoepelende doelwit in Figuur 2-2 (nr. 1) en die grootste vrees (nr. 2). Die identifisering van die positiewe elemente en negatiewe elemente van 'n fokus op die linkerpole (3) en (5) asook die van die regterpool (4) en (6). Die formulering van aksie stappe om die voordele van die linker en regter pole te realiseer (7) en (8) en die

“rooi” vlae (9) en (10) wat vroeë waarskuwingstekens is vir 'n inbeweeg in die onderste kwadrante van die twee pole in.

### **2.4.3 Identifisering van die oorkoepelende doelwit van 'n polariteitskaart**

Die meeste transformasieprosesse gaan gepaard met weerstand daarteen. Nuwe bestuursleiers word aangestel, taakbeskrywings verander en nuwe vaardighede word ontwikkel. Werkers is onseker oor hoe dit hulle gaan raak en is gekant teen die verandering. Om die weerstand te hanteer en proaktief op te tree verg heelwat bestuurskennis, insig en vaardighede. Die fasilitering van die bou van 'n polariteitskaart verg dieselfde vaardighede. Die bepaling van die oorkoepelende doelwit van die polariteitskaart verskaf die geleentheid om die resultate van die bestuur van die dilemma vas te stel. Stephen Covey (Covey, 1990) verwys na die denkwysie wat gerig is op die eindresultate as “beginning with the end in mind”. Die eerste stap van enige veranderingsproses is die belangrikste, omdat verandering samewerking en dringendheid onder alle belanghebbendes moet bewerkstellig (Kotter, 1996:3). Stap 3 van Kotter (1996:9) se agt-stap-model van organisasieverandering dui daarop dat 'n duidelike visie geformuleer moet word om 'n aanduiding te gee van die rigting waarin die organisasie wil beweeg. Hierdie visie is dieselfde as 'n oorkoepelende doelwit van 'n polariteitskaart.

Omdat verandering inherent lastig is vir werknemers om te aanvaar rus 'n groot onus op die bestuurder en die leierskapspanne (Kotter, 1996:6). Daar word van bestuursleiers verwag om eerstens verandering te aanvaar, en dan die motivering daarvan by ander te bewerkstellig. Die oorhoofse rede vir 'n verandering moet duidelik bepaal word. Die oorkoepelende doelwit van die polariteitskaart verskaf die geleentheid aan bestuursleiers om 'n sogenaamde einddoel te bepaal en te ontwikkel (Johnson, 1996; 2005).

#### **2.4.4 “Een, óf die ander”-probleemoplossingsdenke werk nie vir polariteitsbestuur nie**

Kragte ontstaan uit die wisseling tussen die twee pole van 'n polariteit. Die twee pole waarna in Figuur 2-2 verwys word, is twee interafhanklike pole en deur 'n keuse van die een (veiligheid) of die ander (produktiwiteit) te maak kan nie “iets oplos nie”. Die pole verg 'n “beide/en-denkwys” om die polariteit te bestuur. Dit behels dat beide pole en die interafhanklikheid daarvan effektief bestuur moet word.

'n “Óf die een, óf die ander”-probleemoplossingsbenadering, bied nie geleentheid vir “beide/en-denke” nie. Die een-of-anderbesluitneming kan slegs toegepas word as die twee pole relatief onafhanklik van mekaar staan, byvoorbeeld wanneer 'n mens 'n aanbod verwerp om van werkgewer te verskuif, of te emigreer, of om 'n bevordering te aanvaar of nie. In hierdie gevalle kan jy nie beide doen nie. Ander voorbeelde van polariteite waar die individu genoodsaak word om 'n balans tussen die twee pole te handhaaf, is byvoorbeeld werk- en huisverantwoordelikhede of departementele en organisasiebelange, 'n fokus op besparing en groei, fokus op regstellende aksie en meriete. In hierdie polariteitsvoorbeelde sal “een of ander”-denke lei tot die keuse van een pool bo die ander pool wat dan sal lei tot die negatiewe gevolge van die verkose pool. In Tabel 2-2 word die verskille tussen probleme en polariteite uiteengesit.

**Tabel 2-2: Verskille tussen probleme en polariteite.**


*(Oorgeneem en aangepas uit Johnson, 1996)*

PROBLEME	POLARITEITE
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Het oplossings</li> <li>▪ Pole relatief onafhanklik</li> <li>▪ 'either/or' (<i>óf die een of óf die ander</i>)-denke</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Beskik oor twee pole</li> <li>▪ Onderling afhanklik van mekaar</li> <li>▪ 'both/and' (<i>beide/en</i>)-denke</li> </ul>
<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Onafhanklike alternatiewe</li> <li>▪ Kan opgelos word</li> <li>▪ Dit het nie alternatiewe nodig om die probleem op te los nie</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>▪ Interafhanklike alternatiewes (twee pole)</li> <li>▪ Kan nie opgelos word nie, moet bestuur word</li> <li>▪ Benodig alternatiewe om mekaar aan te vul en die situasie algaande te bestuur</li> </ul>
<p>h Persoon wat spanningshoofpyn ervaar van te veel werksinspanning of werksuitputting: (Probleem – spanningshoofpyn), (Oplossing - gebruik aspirien of parasetamol)</p>	<p>Veiligheid en Produktiwiteit in die werkomgewing                      (Pool (1) – veiligheid)                      (Pool (2) – produktiwiteit)                      (GEEN OPLOSSING NIE, MAAR MOET BESTUUR WORD, WANT ALBEI WORD BENODIG, EN STEM SAAM OOR EEN OORKOEPELENDE DOEL – 'Volhoubare Groei'. DUS MOET DAAR 'N "BALANS" WEES)</p>

'Polariteite' verskil dus van probleme, want h polariteit kan nie opgelos word nie, nie eens tydelik nie! Tabel 2-2 verwys na die polariteit veiligheid en produktiwiteit. Indien daar te veel gefokus word op produktiwiteit, word die negatiewe resultate van h oorfokus op produktiwiteit bereik. Die negatiewe resultate kan insluit: werksuitputting, gevaarlike werksomgewings, en werknemerafwesigheid. Die veranderingsproses moet gekoppel wees aan die positiewe gevolge (voordele) van beide pole.

## 2.4.5 Dinamiek van Polariteitsbestuur

